

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
oktober 2018



'Brug na die somer'

Lensopening: f5; Sluiterspoed: 1/40 sekonde; Fokale lengte: verskeie

Oktober is volgens die digter Louis Leipoldt die mooiste, mooiste maand. En dit is ook so. Tel net jou kamera op en kyk om jou.

Maar het jy al gewonder waar kom die maandname vandaan? En in die besonder hierdie laaste paar maande van die jaar wat so eners klink: September, Oktober, November, Desember. Lees verder aan waar hierdie name vandaan kom – en ook hoekom ons skrikkelag juis aan die einde van Februarie is.

Jy mag miskien ook wonder of ons voorbladfoto infokus of uitfokus is. Wel, dit is skerp in fokus, al lyk dit uit fokus. Lees verder hoe jy self so iets kan doen.

Geniet hierdie uitgawe van *Fotografienuus* saam met ons.

Johan

As jy die voorbladfoto mooi bestudeer, sal jy opmerk dat dit uit verskeie (in fokus!) beelde bestaan wat bo-oor mekaar is – vier om presies te wees. Die vier beelde is in-kamera verwerk tot 'n enkele beeld. Die vier beelde se beligting is presies dieselfde; die enigste verskil tussen hulle is die zoemstellings (fokale lengtes).

Jy sal natuurlik beseft dat dit niks anders is as dit wat fotografeer zoemarsies noem nie. In hierdie geval diskrete zoemstellings en nie kontinue zoemstellings nie.


Die bedoeling met die toneel is om 'n impessie, 'n indruk, te gee. As foto-voorbeeld sou mens kon sê die term "impessie" verwys na 'n toneel, soos 'n vroegoggend mistoneel, wat baie gou gefotografeer moet word voordat dit verdwyn.

As jy mooi daarvoor dink, sal jy saamstem dat die hele lewe vol impessies is – dit is as't ware asof jou lewe uit foto's bestaan. Dink maar aan vroeëre skoolmaats. Soos in 'n fotoalbum word hulle nie in jou kop ouer nie, totdat jy so iemand op 'n dag raakloop; en skrik!

Dis ook tipies van Potchefstroom se lente: Dit gaan vinnig verby, in vergelyking met die herfs – 'n saak waarvoor ons voorheen ook al gesels het. Jy moet dus vinnig jou lentefoto's neem. Die voorbladfoto is dus metafories 'n brug van 'n "vinnige" verandering van winter deur lente na somer.

Die weerkaatsingsfoto hierby toon 'n impessie wat hoogstens vir 'n sekonde geduur het, 'n vlietende oomblik. Niemand sal dit ooit weer kan nadoen nie.

Hier is 'n prettige uitdaging: Soek 'n mooi bewegende weerkaatsingstoneel en val weg met foto's. Neem tot honderd foto's en kyk hoe hulle onderling van mekaar verskil.



'n Vlietende oomblik

impressionistiese Fotografie

Miskien is die term "impressionistiese fotografie" vir jou vreemd. Laat ons verduidelik wat hiermee bedoel word.

Impressionisme as kunsvorm het gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu in Frankryk ontstaan. Dit het begin as 'n skilder-kunsvorm en die naam is afgelei van die skilder Claude Monet se werk, *Impression, soleil levant* (Afrikaans: Indruk, sonsopkoms). Die foto hierby toon dié werk. En let veral op na die vasgevangene oomblik.



Impression, soleil levant (Fine art America)

Mettertyd het die invloed van impressionistiese denke wyer versprei – onder andere tot by impressionistiese musiek en impressionistiese literatuur. En óók na impressionistiese fotografie.

Kenmerke van die kunsvorm impressionisme is helder kleure, oop komposisie, gewone onderwerpe en ongewone invalshoeke. Dan veral ook klem op die verandering van lig met tydsverloop. Vandaar dus die idee van "indruk" of "impresie" soos in Monet se werk. Daar kan dus gesê word die hoofdoel van impressionistiese fotografie is om die effek van lig, beweging en kleur na vore te bring. Dit moet natuurlik op so 'n manier gedoen word dat dit die kyker emosioneel sal raak.

Om dit reg te kry, moet jy met **lig** speel, eerder as om net lig as 'n noodsaaklikheid te gebruik. Jy moet vorms visueel benadruk, eerder as om die werklike **vorms** te beklemtoon. Jy moet met **kleur** flankeer, eerder as om die werklikheid te wys. Jy moet gevoel uitdruk, eerder as om net 'n mooi foto te neem.


Die taak van 'n impressionistiese fotograaf is dus om die werklikheid te vereenvoudig deur min detail te gebruik en om dit aan die kyker oor te laat om die toneel te vul. Die bedoeling is om die indruk (impresie) van die toneel te gee, eerder as om die fisiese werklikheid te vertoon.

Onthou dus: LIG, VORMS, KLEUR. Begin en oefen dit, maar lees ook verder. Stuur jou pogings vir ons.

Met zoemsarsies na impressionistiese foto's

Riglyne

Ons wil jou graag help om met behulp van zoemsarsies 'n impressionistiese toneel te skep.



Kontinue zoemsarsies

Besef vooraf dat zoemsarsies op drie verskillende maniere gedoen kan word:

- ✓ met 'n *kontinue rotasie* van die zoemring (op 'n driepoot),
- ✓ met 'n *diskrete rotasie* van die zoemring (op 'n driepoot),
- ✓ met 'n *vrye rotasie* van die zoemring (sonder 'n driepoot).

Ons voorbladfoto is op die tweede manier gedoen en word aan die einde as 'n variasiewenk gegee. Volg nou die volgende prosedure om 'n kontinue zoemsarsie te kry:

- ✓ *Driepoot*: Gebruik 'n driepoot.
- ✓ *Lensstelsel*: Gebruik 'n zoemlens. As 'n zoemlens nie beskikbaar is nie, lees die variasiewenk aan die einde van hierdie beskrywing.
- ✓ *Zoemlens-instelling*: Stel die zoemlens in op 'n middelwaarde tussen die uiterste reikwaardes van die lens.
- ✓ *ISO*: Begin by 'n lae waarde en pas aan.
- ✓ *Fotoformaat*: Kies 'n geskikte fotoformaat.
- ✓ *Witbalans*: Kies 'n passende witbalans.
- ✓ *Komposisie*: Kry 'n toneel (begin met 'n enkeltema) en plaas dit ongeveer in die middel van die beplande foto.
- ✓ *Lensopening*: Kies 'n middelwaarde lensopening.
- ✓ *Fokussering*: Fokus op die hoofitem.
- ✓ *Sluiterspoed*: Stel die sluiter spoed in op die "korrekte" lesing volgens die liniaal. Die sluiter spoed moet in die omgewing van 'n 1/2 sekonde wees. Indien nodig, "verbeter" die sluiter spoed deur verstellings van die lensopening en/of ISO. As die sluiter spoed steeds vinniger (dus korter) as 1/2 sekonde is, gebruik 'n verdonkeringsfilter of kry 'n donkerder toneel.
- ✓ *Fotosessie*: Begin met die neem van foto's. Terwyl die kamerasluiter oop is, roteer die zoemring in een rigting (na enige kant toe). Dit help om 'n 2 sekonde vertraaginstelling te gebruik, en om te begin roteer net voordat die sluitersluiter oop maak.


Neem baie foto's en soek die bestes uit. Die foto hierbo gee vir jou 'n idee van wat jy moet regkry.

vervolg op die volgende bladsy



Hou ook die volgende variasiewenke vir zoemsarsies in gedagte:

- ✓ Haal jou kamera van die driepoot af en herhaal die kontinue tegniek vir 'n lossier en (miskien) meer impressionistiese aanslag.
- ✓ As jy nie 'n zoemlens het nie (of nie een te leen kry nie), doen dan dieselfde oefening. In plaas daarvan om te zoem, beweeg die kamera gelykmatig reguit vorentoe of agtertoe na/van die foto-item.
- ✓ (Voorbladfoto) Indien jou kamera die moontlik-



Diskrete zoemsarsies

heid bied vir meervoudige beligtings (Engels: *multiple exposures*) beproef dit dan ook. Maak na elke foto 'n klein, reëlmatige zoemverandering. As jy kan kies tussen *average* en *additive*, kies dan *average*; dan het jy minder beligtingsprobleme. Die foto wys die idee, eerder as wat dit 'n besondere foto is.

Volgens die webblad *Stephen D'Agostino Photography* (<http://www.dagostino.ca/>) het die bekende fotograaf Freeman Patterson met sy 2001-werk *Photo impressionism and the subjective image* 'n hele generasie fotografe geïnspireer om met impressionistiese fotografie te begin eksperimenteer.

anekdote

Een van die probleme wat aanvanklik ondervind is, is die feit dat digitale fotografie toe nog nie besonder algemeen was nie (en nog minder selfoonfoto's). Filmfotografie was nog die algemene saak en as 'n foto geneem is kon die fotograaf nie onmiddellik sy foto's sien en weet of die regte "impresie" geskep is nie.



Lees ook nog meer hieroor by:

<http://www.dagostino.ca/tag/history-of-photo-impressionism/>

Verfbuisies

In 'n onlangse publikasie van die Amerikaanse Smithsonian Institution verskyn 'n artikel getiteld *Never underestimate the power of a paint tube*.

Die volgende opmerking is sekerlik vir byna elkeen nuus: "Without this simple invention [a paint tube], impressionists such as Claude Monet wouldn't have been able to create their works of genius."

Nog 'n impressionis, Pierre-Auguste Renoir, gaan selfs verder, en sê: "Sonder kleurbuisies sou daar geen Cézanne, geen Monet, geen Pissarro en geen impressionisme gewees het nie. Sommige revolusies begin met die druk van 'n sneller, ander benodig slegs die druk [van 'n buisie]."



Lees meer by <https://www.smithsonianmag.com/arts-culture/never-underestimate-the-power-of-a-paint-tube-36637764/>

LATYN – 'N DOOIE TAAAL?

Dink jy, soos baie ander mense, aan Latyn (of ander vrœëre tale) as 'n dooie of uitgestorwe taal? Sal jy ooit op so 'n manier na jou geliefdes verwys wat nie meer met ons is nie?

Die boodskap is: Latyn LEEF oral – ook in Afrikaans.

Ons tel soos volg van 1 tot 10 in Latyn: unus, duo, tres, quattuor, quinque, sex, sept, octo, novem, decem. Het jy opgemerk: SEPTember, OKTOber, NOVEMber, DESEMber. En dan sê oningeligtes Latyn is 'n dooie taal!

Miskien kan jy nog nie heeltemal die kloutjie by die oor bring nie. Die gencœmde maande is tog die 9e, 10e, 11e en 12e maand. Dis reg. Maar in die tyd van die ou Romeine het die jaar met ons Februarie geëindig en met ons Maart begin (en nou kan jy verstaan hoekom die skrikkelidag aan die einde van Februarie, die einde van die jaar, is). Dan is die gencœmde maande natuurlik wel die 7e, 8e, 9e en 10e maand.

In die tyd van Julius Cæsar is heelwat kalenderhervormings aangebring. So groot was sy aandeel hierin dat daar vir eeue daarna na hierdie kalender verwys is as die Juliaanse kalender. Eers in die 16e eeu is die Juliaanse kalender geleidelik vervang deur die Gregoriaanse kalender wat ons tans gebruik. Maar dis weer 'n ander verhaal.

Kersgeskenk

Dis nog maar net Oktober, maar dis nie meer lank nie, dan begin die winkels Kersmusiek speel en oral word jou geld uit jou beursie uitgewurg.

Dink eerder aan die moontlikheid om Kersgeskenke self met jou foto's te maak of te laat maak.

Hier is die gedagte: Ontwerp 'n kalender bestaande uit 13 foto's vir die voorblad en 12 maande van die jaar as 'n geskenk vir geliefdes. Jy moet werklik klem lê op jou fotokeuse. Die foto's moet spreek van styl, denke, kreatiwiteit en afgerondheid. Kontak die ontwerper en bladuitlêer van *Fotografienuus*, Fransa Vorster, by fransa@colourcode.co.za vir meer inligting oor so 'n kalender en ook 'n kwotasie.

Wat is in jou kamerasak?

Elke fotograaf sal natuurlik 'n ander verskeidenheid goeters in sy/haar kamerasak hê.

Hier is 'n basiese lysie wat jy kan onthou/oorweeg vir 'n fotografie-uitstappie:

- ✓ kamera(s) (met lense en ander nodige kamera-toerusting) en kamera-handleiding
- ✓ ekstra batterye
- ✓ 'n driepoot (of 'n ander stut, soos 'n bonesak)
- ✓ 'n donker sambreel (om LCD-skerm in helder lig te kan lees)
- ✓ 'n spuitkannetjie met water (vir meer versadigde kleure)
- ✓ 'n donker (of ander effekleurige) doek (vir agtergrond by stillewes)
- ✓ weerkaatsingsmateriaal (vir ekstra lig, indien nodig)
- ✓ 'n aantekeningboek en pen
- ✓ 'n waterbottel
- ✓ 'n drasak
- ✓ 'n grondseil of swartsak (om jou toerusting op te pak)
- ✓ 'n snœiskêr (om takkies/grassies weg te sny wat pla)
- ✓ sonblokkeermiddel, en
- ✓ ander persoonlike benodigdhede.



Kamera en driepoot, met fotograaf

Onderwaterfotografie

Onderwaterfotografie is vir almal bekend maar dit val nie in almal se smaak nie.

Dis wel interessant om te lees van die eerste onderwater-kleurfotografie. Die tydskrif *National Geographic* gee die volgende besonderhede:

Underwater color photography was born with a shot of a hogfish, photographed off the Florida Keys in the Gulf of Mexico by Dr. William Longley and National Geographic staff photographer Charles Martin in 1926. Equipped with cameras encased in water-proof housing and pounds of highly explosive magnesium flash powder for underwater illumination, the pair pioneered underwater photography.

'n Moderne interessantheid is om *modelfotografering* onder water te doen. Lees meer hieroor by <https://www.ilsemoore.com/about/> om te sien wat die fotograaf Ilse Moore doen.



Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Towerlantern Fotografie
- oktober 2018 -